# Nuusweek

*Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.*

Nommer 79, Jaargang 2 | 14 Augustus 2026


Pretoria FM

Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe



# BIBBERWEER!


Kleinfontein verwelkom skikking 03

Lady Grey word Inkosi Makhobeni 05

Taaldag: Staan Afrikaans sterk? 07

Wen met ons Graffiti-boekeblad 18





# Nog winterkoue is moontlik, maar die lente is op pad

*Seugnet van Zyl*

Ysige weer het die afgelope week selfs Pretorianers laat klappertand.

Annette Botha, meteoroloog van Vox Weather, sê dié week se weer was beslis 'n uitsonderlike winterstelsel, veral omdat so 'n groot deel van Suid-Afrika gelyktydig deur baie koue lug, reën, sneeu en ysige toestande geraak is.

Volgens Botha was dit nie die sneeu self wat in agt van Suid-Afrika se nege provinsies waargeneem is, maar hoe wydverspreid die sneeu en winterweer was.

"Sneeu in Augustus is op sigself nie vreemd nie. Ons is immers nog in ons winterseisoen. Wat hierdie gebeurtenis meer ongewoon gemaak het, was die omvang daarvan en veral hoe ver noord die winterweer gestrek het."



*Logan van Zyl (7) geniet dit om vir eerste keer in sneeu te speel in Kokstad, KwaZulu-Natal.*

Sy verduidelik die kombinasie van 'n sterk kouefront en 'n afsnylaag het die ysige weer so wydverspreid gemaak.

"Dit het baie koue lug ver noord oor die binneland ingetrek, terwyl daar terselfdertyd baie vog beskikbaar was. In Gauteng was sneeuval byvoorbeeld baie lig en hoofsaaklik oor dele van Johannesburg, waar ons 'n mengsel van reën, sneeu, gedeeltelik bevrore waterdruppels of 'n mengsel van reën en sneeu en ysreën gesien het."



Al het dit in agt provinsies gesneeu, beteken dit nie dat daar oral 'n dik laag sneeu gelê het nie. Die swaarste sneeu was oor die hoërliggende gebiede, terwyl plekke soos Gauteng maar net-net koud genoeg geword het vir ligte sneeu en gemengde winterneerslag.

Die swaarste en mees betekenisvolle sneeu was oor die hoërliggende gebiede, veral oor die berge van Lesotho en die suidelike Drakensberg, asook aangrensende hoërliggende dele van die Oos-Kaap.

"Dit maak natuurlik sin omdat hierdie gebiede baie hoog bo seevlak lê en dus makliker koud genoeg word vir swaar sneeu en sneeu-akkumulasie."

Sy benadruk dat hierdie winter nog nie agter die rug is nie, maar dat ons nou stadig na die oorgang tussen winter en lente beweeg, waar ons waarskynlik groter temperatuurskommelinge gaan begin sien.

"Die lente is op pad, maar moet nog nie die winterbaadjies wegpak nie! Ons beweeg wel nader aan die einde van die meteorologiese winter aan die einde van Augustus, maar Augustus kan steeds sterk kouefronte en sneeustelsels oplewer en selfs in September kan ons nog kouefronte en sneeu oor die hoërliggende gebiede kry, maar tussen hierdie koue stelsels behoort warmer dae al hoe meer voor te kom."

Botha bevestig dat Gauteng vanjaar beslis buitengewoon baie reën vir hierdie tyd van die jaar gekry het.

"Gauteng is 'n somerreënvalgebied, so sulke wydverspreide en betekenisvolle winterreën is ongewoon. Gauteng het ver bo sy gemiddelde reënval vir hierdie tyd van die jaar ontvang, terwyl dele van die Wes-Kaap 'n besonder droë winter beleef het. Dit beteken nie noodwendig dat ons reënvalstreke skielik omgeruil het nie. Individuele atmosferiese stelsels kan soms baie vog na gebiede bring wat normaalweg in daardie seisoen droog is. Dit wys eintlik net weer hoe veranderlik ons weer van jaar tot jaar kan wees."

# Kleinfontein verwelkom skikking




***Redaksie***

"Dit is vir ons 'n wonderlike gebeurtenis dat die voortslepende twis tussen Kleinfontein en die Tshwane Metro uiteindelik bygelê is."

So sê Rian Genis, die voorsitter van die Kleinfontein Aandeleblok, nadat 'n skikking tussen dié Afrikanergemeenskap en die metro deur die Hooggeregshof in Pretoria 'n hofbevel gemaak is.

"Dit is onmin wat nou al etlike jare duur, en ons is baie bly dat die formalisering nou onder die beskerming van 'n formele skikking kan geskied."

Genis sê daar is hierdie keer 'n duidelike aanduiding van die hof van wat Kleinfontein te doen staan en wat die Tshwane Metro te doen staan.

Die hoofbepalings van die bevel sluit onder meer in dat Kleinfontein teen of voor 31 Augustus 2026 'n volledige en uitgebreide grondontwikkelingsaansoek indien vir die stigting van die voorgestelde dorp Kleinfontein Uitbreiding 1 op die betrokke gedeeltes van die plase Kleinfontein 368 JR en Donkerhoek 365 JR. Die aansoek moet voldoen aan artikel 16(4) van die Tshwane Metro se Grondgebruiksbestuursverordening en sal as nuwe aansoeke behandel word, met inbegrip van 'n volle openbare deelnameproses.

Die munisipaliteit sal die bestaande geboue, ingenieursdienste, infrastruktuur en verbeterings in ag neem en dit na die beste van sy vermoë en waar redelik moontlik binne die wetlike raamwerk akkommodeer.

Intussen sal geen verdere konstruksie of ontwikkeling van geboue, wonings of verbeterings plaasvind nie met die uitsondering van infrastruktuur wat deur die munisipaliteit vereis word. Daar sal ook nie nuwe aandeelblokke uitgereik word nie.

Sodra die sonering gefinaliseer is, moet die nodige aansoeke kragtens die Nasionale Bouregulasies binne ses maande ingedien word.

Die munisipaliteit se besluit om vanaf 1 September 2024 tariewe vir ontoelaatbare gebruik op die eiendomme te hef, is hersien en tersyde gestel. Die betrokke munisipale rekeninge is aangepas om die werklike huidige gebruik (residensieel, landbou of besigheid/kommersieel) te weerspieël.

Agterstallige bedrae sal binne 60 dae na die bevel vereffen word, en vorige rekeningdispute word as opgelos of teruggetrek beskou.

Genis het aan Nuusweek gesê hy weet daar is mense in die Tshwane Metro wat ongelukkig is oor die skikking.

"In wese het die hoofstroompolitici, die administrasie, die stadsbestuurder en 'n klomp amptenary wel ingesien dat dit vir beide Kleinfontein en die metro van wesenlike belang is om die strydbyl te begrawe en saam te werk om 'n geformaliseerde Kleinfontein daar te stel."

Genis sê Kleinfontein se regsverteenwoordigers, Hurter Spies Ingelyf, het 'n leidende rol gespeel om die skikking moontlik te maak.



# Brand by Bloedrivier bring gemeenskap byeen

*Seugnet van Zyl*

'n Vermoedelik kwaadwillige brand by die Bloedrivier-erfenisterrein in KwaZulu-Natal het aansienlike skade aan die terrein se infrastruktuur veroorsaak.

'n Groot gedeelte van die kampeerterrein het afgebrand. Kragpunte en ander elektriese infrastruktuur is beskadig of vernietig, boorgatpompe het uitgebrand en die donkies se blyplek is beskadig.

Die brand, wat vroeg Maandagoggend ontstaan het, het die veiligheid van die terrein se bestuursegpaar, hul kinders en hul huis regstreeks bedreig.

Judean Janse van Vuuren, finansiële bestuurder by die Bloedrivier-erfenisterrein, het wakker geword toe sy 'n rooi gloed en vlamme buite haar kamervenster gesien het. Die vlamme was volgens haar bykans dakhoogte en sy kon skaars deur die digte rook sien.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument, was saam met sy seuns, Niël en Daniël , en 'n vriend op die terrein. Hulle het saam met die Janse van Vuurens gehelp om die brand te bestry. Binne ure is die brand onder bedwang gebring.

Nadat die brand geblus is, is olie op verskeie plekke rondom die erf en by die kampeerterrein aangetref. 'n Strafregtelike klag is daarom by die Kingsley-polisiekantoor ingedien.



"Die proses moet nou sy gang gaan. Ons is regtig baie dankbaar oor die welwillendheid en die gemeenskap se samewerking," sê Langner.


Langner sê die veiligheid van hul personeel, hul gesinne en besoekers kan nie aan toeval oorgelaat word nie.

"Ons gaan nie ná hierdie voorval terugstaan nie. Ons gaan die terrein herstel, veiligheidsmaatreëls versterk en voortgaan om Bloedrivier se erfenis vir toekomstige geslagte te bewaar."

Veiligheidmaatreëls sluit in verbeterde beligting rondom die terrein en bykomende brandblustoerusting. Die kamerastelsels daar moet ook verbeter word en veiligheid rondom die museum moet versterk word. Die terrein se diere benodig tans ook dringend kos en verdere versorging.

Die Bloedrivier-erfenisterrein bied 'n R20 000-beloning aan vir inligting wat kan lei tot die identifisering, inhegtenisneming en skuldigbevinding van die persoon of persone wat vir die brand verantwoordelik is.

Enigiemand met inligting word versoek om dit aan die polisie of Bloedrivier se bestuur beskikbaar te stel.



## VF Plus:

# Naamsveranderinge in Oos-Kaap is onnodig, verdelend en polities gemotiveerd

*Redaksie*

Die VF Plus sê hulle is sterk gekant teen die voorgestelde naamsveranderinge van dorpe en geografiese plekke in die Oos-Kaap. Die party se leier in die Oos-Kaap, Piet Mey, sê die jongste dokument van die Oos-Kaapse Geografiese Naamkomitee bevestig dat die komitee voortgaan met 'n proses om onder meer Lady Grey na Inkosi Makhobeni, Sterkspruit na Inkosi Mpangazi, Herschel na Inkosi Lihlongo en Sterkspruit na Mapetla Mohapi te verander.

Volgens Mey verwerp die VF Plus enige onnodige, duur en polities gedrewe naamsveranderinge wat gemeenskappe verdeel, belastingbetalers se geld mors en bestaande geskiedenis en identiteit probeer uitwis.

"Staatskapasiteit en openbare fondse moet eerder aangewend word om dringende diensleweringsprobleme, infrastruktuur, werkloosheid en armoede op te los."

Mey sê 'n pleknaam is meer as net 'n bord langs die pad.

"Dit is deel van 'n gemeenskap se geskiedenis, erfenis en identiteit. Waar daar sterk plaaslike teenkanting bestaan, kan 'n regering nie bloot voortgaan asof daardie inwoners se stemme van geen betekenis is nie."




Volgens Mey wek die tydsberekening en hantering van hierdie prosesse ernstige kommer.

"Pogings om bestaande dorpsname kort voor 'n verkiesing te verander, skep die indruk dat politieke belange en stemwerwing 'n groter rol speel as dienslewering. Inwoners word telkens versoek om openbare prosesse by te woon en insette te lewer, maar wanneer gemeenskappe hulle teen verandering uitspreek, voel hulle dat daar nie werklik na hulle geluister word nie. Dit is onaanvaarbaar."



# Hou jou huis Afrikaans

*Seugnet van Zyl*

Afrikaans het vandag, 151 jaar gelede, amptelik sy beslag gekry met die stigting van die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA).

Die GRA het 'n deurslaggewende rol gespeel in die erkenning en bevordering van Afrikaans as 'n taal in die parlement, skole, die staatsdiens en die breër samelewing. Ons vier daarom elke jaar op 14 Augustus Afrikaanse Taaldag.

Sophia Kapp, taalpraktisyn en skrywer, sê Afrikaans is so deel van haar soos haar asem en hartklop.

Kapp sê Afrikaans kan net oorleef as sy sprekers dit bly praat.

"Daar is lig, maar die lig is jy. Skyn!"

Die kinderboekskrywer Jaco Jacobs, wat vanjaar 25 jaar van stories vertel met die verskyning van sy 300ste boek vier, sê 'n dag soos vandag is gepas en belangrik om te kyk na ons taal se prestasies, veerkragtigheid en kreatiwiteit, en dit behoorlik te vier.

"Ek is nie blind vir die uitdagings en bedreigings wat Afrikaans tans in die gesig staar nie – die taal is onder druk op baie terreine, van mediahuise tot akademiese instellings. Daar is mense wat wonderlike, kreatiewe, opwindende dinge in Afrikaans doen – mense wat Afrikaans praat, daarin skryf, sing, kosmaak, radio- en TV-programme maak, wat Afrikaans in die digitale ruimte en op wêreldverhoë laat blom. Afrikaans stoom onstuitbaar voort. En ek dink dit is iets waarop elke Afrikaanssprekende trots kan wees. Ondersteun ons taal. Koop Afrikaanse boeke, lees Afrikaanse nuus, luister Afrikaanse radio en musiek, kyk na Afrikaanse TV en flieks, woon Afrikaanse kunstefeeste by. Dit is ons plig en ons voorreg om dié lieflike taal van ons te lééf en te laat voortleef."

Prof Danie Goosen, uitvoerende hoof van Akademie by Akademia, sê Taaldag herinner ons aan 'n gedagte uit die Romantiek, naamlik dat ons werklikheid des te ryker, genuanseerder en veelkleuriger is na mate dit deur 'n veelheid van tale ontsluit word.

"Om vir die veelheid van tale van die mensdom in te tree, hulle te versorg en ook uit te bou, beteken om deel te neem aan die verryking van die werklikheid. Taaldag is egter om nog 'n rede vir ons belangrik, naamlik dat dié dag onherroeplik verbind is aan die rol wat ook Afrikaans gespeel het om ons werklikheid te verryk en uit te bou. Ons bring hulde aan diegene wat dit in die verlede moontlik gemaak het."

Volgens Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, is Afrikaans lewenskragtig.

"Dit is positief dat die sprekers al meer bewus raak van die werk wat nodig is om aan die taal se toekoms te bou."

Vir dr. Danie Langner, uitvoerende direkteur van die Voortrekkermonument, FAK en Erfenisstigting, het Afrikaans 'n lewende toekoms.

"Ek is baie opgewonde oor dit wat die Afrikaanse taalgemeenskap self doen en kan bereik. Dit gaan nie net oor wat ons bou nie. Daar is soveel projekte in Afrikaans en soveel presterende Afrikaanse skole en soveel Afrikaans in klaskamers."

Hoekom ons Home Lifts die **regte keuse is**

**Geen Skag Benodig**
Die Home Lift se unieke reling ondersteun die struktuur

**Kompakte Ontwerp**
Duo: 0.8 m² dra 170 kg
Trio: 1.3 m² dra 250 kg

**Geskik vir Bestaande Huise**
Ons Home Lifts kan geïnstalleer word in huise wat reeds gebou is

**Eenvoudige Kragvereistes**
Werk met 'n gewone 220V-prop
Geen driefasekrag nodig nie

**Vinnige Installasies**
Geïnstalleer binne 2 dae

**Stilte in Aksie**
Stil werking onder 48 desibels



Lifta HOME LIFTS
E: info@lifta.co.za
T: 080 73 73 73 7
www.lifta.co.za

# Afrikaanse Taaldag word herdenk

*Walter Ernst*

Daar is baie herdenkingsdatums in Afrikaans se geskiedenis, maar vandag is een van dié belangrikste – die Afrikaanse Taaldag. Alhoewel Afrikaans nie 'n spesifieke geboortedag of -plek het nie, word 14 Augustus as viering van die ontstaan van ons taal uitgesonder, want dit is die dag waarop die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 gestig is. Dié genootskap het 'n sleutelrol gespeel in die oorgang van Afrikaans as 'n informele omgangstaal tot 'n erkende skryftaal en uiteindelik 'n volwaardige amptelike landstaal. Die stigting van die GRA in die laat 19de eeu was nie net 'n keerpunt in die taal se geskiedenis nie, maar ook 'n daad van kulturele selfbevestiging en nasionale bewussyn vir die Afrikanervolk.

Tydens die stigtingsvergadering in die Paarl is daar besluit om die volk bewus te maak van homself en sy taal en om Afrikaans tot sy regmatige plek te verhef. Indien Afrikaans algemeen in gebruik is, sou die Bybelvertaling, waarna Arnoldus Pannevis gestrewe het, 'n werklikheid word. Dit is dan ook na aanleiding van Arnoldus Pannevis se korrespondensie met die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap oor die vertaling van die Bybel in Afrikaans




*[Foto: taalmuseum.co.za]*

dat die vergadering plaasgevind het. By die vergadering is oorgegaan tot die stigting van die GRA. Die stigterslede was C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit, S.J. du Toit, A. Ahrbeck, S.G. du Toit, G. Malherbe, dr. D.F. du Toit en P.J. Malherbe.

Die GRA se belangrikste medium was hulle koerant, *Die Patriot*, 'n dagblad waarin hulle hul eie soort Afrikaans aan die publiek bekend gestel het. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die GRA tot niet gegaan. Ander organisasies, soos die Afrikaanse Taalgenootskap (ATG), het egter in 1905 gedurende 'n kongres in Pretoria tot stand gekom onder leiding van Gustav Schoeman Preller. Dit het ten doel gehad om die publiek aan te moedig om in Afrikaans te skryf en praat.

Sowat 7,2 miljoen mense praat Afrikaans as 'n eerste taal, en sowat 10 miljoen as 'n tweede of derde taal. Afrikaans is die taal van soveel mense hier aan die suidpunt van Afrika, en dit is meer as genoeg rede vir feesviering.






# Twee jong leeus nou Vrystaters



***Marelize Maré***

Twee jong leeus wat in Israel van onwettige wildhandelary gered is, het ná 'n reis van nagenoeg 50 uur by die Animal Defenders International-wildreservaat in die Vrystaat aangekom.

Die 16 maande oue BenTzur en Ori is meer as 'n jaar gelede as klein welpies deur Israeliese owerhede gered nadat hulle van hul ma's weggeneem is om as troeteldiere gebruik te word.

Ori is in 'n kelder gevind en BenTzur was aan 'n boom in 'n agterplaas vasgebind.

Weens die oorlog in die Midde-Ooste was vlugte skaars, maar die leeus kon uiteindelik via Kaïro en Frankfurt na Johannesburg reis.

Hulle het reeds hul nuwe habitat in die Vrystaat begin verken.

Die leeus kan weens genetiese probleme en hul geskiedenis van menslike kontak nooit in die natuur vrygelaat word nie.

# Selfstandigheidsgids wil gesinne help om die eerste stap na groter selfstandigheid te neem




*Ernst Roets, Steve Hofmeyr en Johan Vorster op die verhoog. [Foto: Verskaf]*

***Redaksie***

KragDag en Lex Libertas het die afgelope week 'n Selfstandigheidsgids bekendgestel wat ten doel het om gesinne, boere en entrepreneurs te help om hul eie pad na groter selfstandigheid te vind. Die gids is saamgestel as 'n langtermynhulpmiddel wat lesers help om hul huidige situasie te beoordeel, moontlike oplossings te verken en 'n persoonlike plan vir die toekoms saam te stel.

Die bekendstelling spruit uit drie dae se gesprekke in die KragDag Kopskuifateljee waar onderwerpe soos verantwoordelike rentmeesterskap, vryheid en identiteit, veiligheid, opvoeding en belasting bespreek is. Die Selfstandigheidsgids bring baie van hierdie beginsels byeen in 'n praktiese werkboek wat lesers help om die volgende stap na groter selfstandigheid te neem.

Die 21-bladsygids is op KragDag se 2026-tema "Druppels word strome. Strome word riviere." geskoei en sluit praktiese afdelings oor opvoeding en vaardighede, energie, water, voedsel, behuising en selfdoenprojekte in. Elke hoofstuk bevat selftoetse, kontrolelyste, werkblaaie, wenke en vrae wat lesers kan gebruik om oplossings te vergelyk en ingeligte besluite te neem. Die gids sluit ook af met 'n persoonlike selfstandigheidsplan wat lesers help om konkrete doelwitte vir die volgende twaalf maande te formuleer.

Volgens dr. Ernst Roets, uitvoerende hoof van Lex Libertas, is die gids nie bedoel om voorskriftelik te wees nie, maar om mense te help om verantwoordelikheid vir hul eie toekoms te neem.

*Na bladsy 9*



# Selfstandigheidsgids wil gesinne help om die eerste stap na groter selfstandigheid te neem (vervolg)

*Van bladsy 8*

"Lex Libertas se hoofdoelwit is om 'n lewensvatbare politieke bedeling vir die gemeenskappe van Suid-Afrika te bevorder. Die belangrikste stap om dit te bereik, is nie een of ander vorm van parlementêre ingryping nie, maar dat gesinne en gemeenskappe eienaarskap moet neem van hul eie vryheid sodat hulle selfstandig kan funksioneer. Ons moet die politieke lugleegte in Suid-Afrika vul deur self verantwoordelikheid te aanvaar. Dit is waarom hierdie gids so belangrik is. Dit help mense om, daar waar hulle woon, die spreekwoordelike stene te lê."

HP Steyn, bestuurshoof van KragDag, sê die gids is 'n natuurlike uitbreiding van dit waarvoor KragDag al bykans twee dekades staan.



"KragDag was nog altyd meer as 'n ekspo. Dit is 'n plek waar mense idees ontdek, vrae vra en praktiese oplossings vind. Die Selfstandigheidsgids neem daardie gesprek verder. Ons hoop dit word 'n werkboek waarna gesinne telkens terugkeer wanneer hulle hul volgende stap beplan. Selfstandigheid word nie deur een groot besluit gebou nie, maar deur baie klein besluite wat oor tyd momentum kry."

Vanjaar se KragDag, wat vir die 17de keer plaasgevind het, het ongeveer 34 000 besoekers gelok.

Die gids kan hier afgelaai word: [Selfstandigheidsgids.pdf]



# R10 mjd. om motoriste teen brandstofpryse te buffer

*Walter Ernst*

Die Nasionale Tesourie het R10 miljard aan die Sentrale Energiefonds beskikbaar gestel om motoriste teen skerp brandstofprysstygings te beskerm.

Dít volg op volgehoue geopolitieke spanning in die Midde-Ooste en wisselvallige oliepryse.

Parlementslede in die Staande Komitee oor Toewysings het vandag vir die eerste keer die Wetsontwerp op Spesiale Begrotings bespreek.

Parlementslede is glo onkant betrap, aangesien die fondse sonder vooraf goedkeuring oorgedra is.

Die adjunkminister van Finansies, David Masondo, het gesê dat die besluit vir die toewysing, wat buite die twee begrotingsiklusse val, genoodsaak is deur geopolitieke spanning in die Midde-Ooste, wat vroeër in 2026 opgevlam het.

"Aangesien die drie maande lange brandstofheffingsverligting in Junie geëindig het, wou die Tesourie 'n buffer skep vir verdere wisselvalligheid," sê Masondo.

Die minister van finansies, Enoch Godongwana, is ingevolge die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies by magte om dringende fondse onmiddellik vry te stel.

Daar is egter streng voorwaardes aan die oordrag gestel, soos dat die geld aan die Nasionale Inkomstefonds terugbesorg moet word indien dit nie in die toekoms gebruik word om brandstofprysstygings teen te werk nie.

Die Begrotingskomitee sal nou openbare voorleggings oor die wetsontwerp aanvra, en sal insette van die parlement se Begrotingskantoor en die Finansiële en Fiskale Kommissie versoek.



*David Masondo*

Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer,
stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

**Nuusweek Regskennisgewings**

Bepalings en voorwaardes geld.

Regskennisgewings

# Kennisgewings

## Boedels: Likwidasie / Distribusie

**In die boedel van wyle: DAWID JOHANNES WELGEMOED**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **14 AUGUSTUS 2026 tot 4 SEPTEMBER 2026,** by die **PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA.**

In die boedel van wyle: DAWID JOHANNES WELGEMOED

Identiteitsnommer: 4211195011084 Laaste Adres: 1206 Fontana Road, Queenswood, Pretoria Boedelnommer: 005976/2024

Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140**
**Telefoon : 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 14 AUGUSTUS 2026**
rende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

Publikasiedatum 14-August-2026
NRK2950601

## Boedels: Likwidasie / Distribusie

**In die boedel van wyle: DAVID ISAAC POTTER**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **14 AUGUSTUS 2026 tot 4 SEPTEMBER 2026,** by die **PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA.**

In die boedel van wyle: DAVID ISAAC POTTER

Identiteitsnommer: 550328 5033 088 Laaste Adres: 410 Annlin Flats, Christoffel Straat, Pretoria Wes

Boedelnommer: 009933/2025 Langslewende gade se naam en van: JOHANNA PHILIPPINA MAGDALENA POTTER

Identiteitsnommer: 570813 0074 084 Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140**
**Telefoon : 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 14 AUGUSTUS 2026**

Publikasiedatum 14-August-2026
NRK8905110

## Boedels: Likwidasie / Distribusie

**In die boedel van wyle: LORAINE YVONNE HŐLL**

**HURTER SPIES INGELYF KENNISGEWING VAN LIKWIDASIEREKENING WAT TER INSAE LÊ**

In terme van artikel 35(5) van Wet No 66 van 1965, word hiermee kennis gegee dat duplikate van die **EERSTE EN FINALE LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING** in die boedel hieronder vermeld, oop sal wees vir inspeksie aan alle belanghebbende persone vanaf **14 AUGUSTUS 2026 tot 4 SEPTEMBER 2026,** by die **PRETORIA SENTRAAL LANDDROSHOF** en **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, PRETORIA.**

In die boedel van wyle: LORAINE YVONNE HŐLL

Identiteitsnommer: 5601210079083 Laaste Adres: Eenheid 1 Silverview, Pretoria Staat 341, Silverton, Pretoria, 0184

Boedelnommer: 011114/2023 Langslewende gade se naam en van: N/A Identiteitsnommer: N/A

Indien geen besware daarteen by die betrokke Meester of Landdroshof gedurende die gespesifiseerde tydperk ingedien word nie, sal die eksekuteur voortgaan om uitbetalings te maak in ooreenstemming met die rekening.

**Adverteerder : HURTER SPIES INGELYF Adres : Posbus 14505, Lyttelton, 0140**
**Telefoon : 012 941 9239 KENNISGEWING GEPLAAS TE WORD OP: 14 AUGUSTUS 2026**

Publikasiedatum 14-August-2026
NRK8501314

#Vrydagfeite



[Foto: www.swissinfo.ch]

Switserland het genoeg kernbomskuilings gebou om sy hele bevolking van 8,7 miljoen mense teen kernaanvalle te beskerm.

Elke burger is wetlik geregtig op 'n plek in só 'n skuiling. Die skuilings is ingevolge verpligte wetgewing sedert 1963 met voedselvoorraad, lugsuiwering- en oorlewingstelsels ingerig wat vir twee weke sal hou.

Meer as 370 000 bomskuilings is onder huise, skole, hospitale en parkeerterreine verskans.

Dié stelsel maak van Switserland se verdedigingstelsel een van die wêreld se voorbereidste en veiligste.

Die regering belê 220-miljoen Switserse frank (sowat R4,6 miljard) oor 15 jaar om die strukture op te knap.**N**






# SA Bakkie en SUV Fees gaan weer brul

Die SA Bakkie en SNV Fees vind weer die naweek van 21 tot 23 Augustus plaas by Sondela Nature Reserve & Spa naby Bela-Bela. Dit bestaan uit 'n lekker kampeernaweek, en aktiwiteite en uitstallings sal op 21 en 22 Augustus plaasvind met 'n lekker Sondela-buffetontbyt voor almal die Sondag huiswaarts keer.

Die geleentheid, wat vir die eerste keer in 2024 plaasgevind het, se hoofdoel is om te kyk hoeveel bakkies ons op een dag op een terrein bymekaar kan kry en watter vervaardiger gaan koning kraai! Die geleentheid sluit ook SNV's van alle fabrikate in! Die geleentheid is geskoei op die baie suksesvolle Land Cruiser Fees wat hierdie jaar weer by Sondela aangebied is en 'n rekordgetal Cruisers van 563 voertuie gelok het. Ons het geluister en aan almal wat bakkies en SNV's besit die kans te gee om te kom deel in die pret en plesier – Land Cruisers natuurlik ook weer welkom, maar dié een is oop vir alle fabrikate van bakkies en SNV's en is heeltemal gesinsvriendelik.

Saam met die geleentheid kom daar natuurlik baie pret en vermaak, soos onder andere buiteleweprodukuitstallers, 'n kunsmark, kindervermaak, Ketelkraal-kroegfasiliteite, Jimmy's Sauces-kunstenaars, Sondela-wildbesigtigingsritte, 4x4-ritte, warmwaterswembaddens en spa-fasiliteite. Een van die hoogtepunte is sekerlik die LA Sport Pretoria Action Arena, waar geregistreerde bakkies en SNV's mekaar die stryd aansê met die baie gewilde grondpad-versnelwedrenne, moddergate en heuwelklim.

Die groot rugbytoets tussen SA en NZ sal ook Saterdag vanaf 17:00 vertoon word, en daar is dus geen rede om vroeg huis toe te gaan nie!

Verskeie akkommodasie-opsies is beskikbaar – Sondela Oord-akkommodasie en ons eie boskampering (slegs vir geregistreerde deelnemers) – alles beskikbaar op ons webwerf by www.ekspo.co.za.

Uitstaller- en verkopernavrae kan gerig word aan Tersia by accounts@ekspo.co.za, of skakel haar sommer by 072 487 0000.

Bakkie en SNV-eienaars wat hulle voertuie wil registreer om deel te neem aan die dag en ook gebruik wil maak van ons boskampering, kan ook www.ekspo.co.za besoek en die aanlyn registrasievorm invul. Kostes is uiters billik – dit beloop slegs R250 om jou bakkie of SNV te registreer met 4 persone in. As daar gebruik gemaak word van die naweek se boskampering (wat ablusies insluit maar geen krag nie), beloop die koste R850, wat die registrasiekoste insluit.

Borge- en medianavrae kan gerig word aan Marius by marius@ekspo.co.za.





# Lesers se beurt




Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Die afgelope week het lesers van hulle laat hoor oor argumente wat in die Hooggeregshof in Kaapstad aangehoor is oor die Onteieningswet. Onder meer dat R0 nie vergoeding is nie.
Hier is wat lesers te sê gehad het:

**Marie Welman**

Daar gaan alles afdraande en ten gronde. Niks gaan OOIT weer dieselfde wees nie.

**Linda van Niekerk**

If R0 is payment, look out Pick n Pay, I am coming....

**Johan Nel**

DA se minister McPherson het openlik gesê R0 is ook 'n vergoeding, nou praat die DA teen hul eie minister. Hoekom word hy nie afgedank nie? DA is verward.

**Thea Snyman**

Is dit ook onteiening as jy iets uit 'n winkel steel? Wonder ek maar net. Dan gaan Baie winkels onteien word van produkte.




**Marius Kruger**

As ek kyk na my salaris, dan glo ek dat R0,00 dalk vergoeding kan wees !

**Zonelle Zee O'Kennedy**

Stem saam, R0 beteken gratis, verniet, no money.

**Ben van Niekerk**

Begin om parlementslede so te vergoed. Hulle kan elke jaar 100% verhoging kry. Dalk verstaan hul beter.


**Marius du Preez**

Enige vergoeding minder as die waarde van 'n vergelykbare eiendom is onteiening sonder vergoeding. Die eienaar moet geen verlies ly nie, en boonop vergoed word vir die ongerief. Ek het my eiendom gekoop uit my swaar verdiende geld, nie deur enige persoon in te doen nie.

**Martin Gouws**

Nee, waarvoor het ek my lewe lank gewerk?**N**

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Iran wil Trump in die middeltermyn aanvat

INTERNASIONALE PERSPEKTIEF

Jaco Kleynhans

Dit sal binnekort ses maande wees sedert die Verenigde State van Amerika (VSA) saam met Israel 'n grootskaalse militêre operasie in Iran van stapel gestuur het. Terwyl ses maande veel langer is as waarvoor die Amerikaanse regering, en spesifiek president Donald Trump, gehoop het, is die belangriker datum nou 3 November.

Oor net meer as 11 weke sal Amerikaanse kiesers na die stembus gaan om 35 senatore, 39 goewerneurs en al 435 lede van die Huis van Verteenwoordigers te verkies. Regoor die VSA sal beheer oor deelstaatwetgewers en duisende ander poste, soos regters, polisiehoofde, skoolbeheerliggame en distriksbestuur, verkies word. Iran is oortuig daarvan dat sy beste strategie teen die VSA nou een is wat politieke pyn vir Trump en die Republikeine in die verkiesing veroorsaak.

Die Parys-vredesooreenkoms wat in Januarie 1973 deur Noord-Viëtnam onderteken is, het grootliks bevestig dat die Amerikaners 'n militêre oorwinning in die Viëtnam-oorlog behaal het. Die politieke prys van die oorlog was egter reusagtig. Eers het dit 'n einde aan Lyndon B. Johnson se presidentskap in 1968 gebring en daarna het dit vir die Demokrate talle nederlae, onder andere in die presidensiële verkiesings van 1968 en 1972, meegebring.

Die uiteinde was 'n breuk tussen die Withuis en die Kongres. Slegs enkele maande ná die Parys-ooreenkoms, waarin Noord-Viëtnam talle toegewings moes maak, het die Kongres die Case-Church-wysigings tot sewe begrotingswetsontwerpe goedgekeur. Die belangrikste hiervan was dat die Kongres eksplisiet enige verdere Amerikaanse militêre betrokkenheid in Viëtnam, Laos en Kambodja verbied het. Alle finansiële en militêre steun aan Suid-Viëtnam is hierdeur gestaak en twee jaar later sou Suid-Viëtnam voor die kommuniste van Noord-Viëtnam moes swig. Hulle wapens het bloot opgeraak. Die Amerikaanse Kongres het die knie voor openbare mening gebuig – reg of verkeerd en daarmee 'n oorwinning in 'n nederlaag omskep.

Die les uit die Viëtnam-oorlog is dat openbare sentiment in die VSA uiteindelik tot politieke gevolge lei. Dit lei weer tot 'n herskikking van beleid ten einde politieke sukses te behaal. Die verkiesingsiklusse in die VSA volg mekaar direk op en is 'n nimmereindigende proses. Toe die Demokrate beheer oor die Kongres wou behou, het hulle vinnig in die middeltermynverkiesing van 1970 en die algemene verkiesing van 1972 teen die Viëtnam-oorlog gedraai. 'n Grootliks militêre oorwinning is binne twee jaar in 'n reusenederlaag omskep.

Byna ses maande ná die begin van die Iran-oorlog hoor ons redelik min oor wat in Iran gebeur. Amerikaners, maar ook mense regoor die wêreld, het belangstelling verloor. Iran is deur die Amerikaners en Israel dramaties verswak. Die land het byna geen militêre vermoë meer oor om 'n ernstige oorlog te voer nie. Sy militêr-industriële kernkompleks is geneutraliseer. Sy vloot is gesink, met net die Islamitiese Revolusionêre Wagkorps wat nog 'n paar klein bote oor het.

Iran se ekonomie ervaar sy grootste krisis in dekades weens die Amerikaanse blokkade van sy hawens, skade wat deur die oorlog aangerig is en sanksies. Inflasie het in Julie tot 87% gestyg, wat die hoogste in 80 jaar is. Voedselpryse is tans tussen 112% en 134% duurder as 'n jaar gelede. Die IMF voorspel 'n BBP-inkrimping van 5,4% tot 6,1%, en Iran se geldeenheid, die rial, het tot 'n rekordlaagtepunt van 1,9 miljoen rial per dollar gedaal. Miljoene Iraniërs het die afgelope vyf maande hul werk verloor. Die land se ekonomie staan op die rand van 'n totale ineenstorting.

Tog sien talle leiers in Teheran 'n reusegeleentheid namate die Amerikaanse middeltermynverkiesing nader kom. Amerikaanse verbruikers is deur die bank ongelukkig oor hoë brandstofpryse. Ten spyte daarvan dat 'n daling in die Amerikaanse inflasiekoers die afgelope week aangekondig is, verkeer 'n meerderheid van Amerikaners onder die indruk dat hulle lewenskoste steeds vinniger as hul inkomste styg, en hulle blameer die Iran-oorlog en dus Trump en die Republikeine daarvoor.

In Teheran is die denke eenvoudig: frustreer die onderhandelingsproses. Die plan is: Onderhandel, onderhandel, onderhandel en ontwrig dan die onderhandelingsproses met nuwe eise of 'n aanval op skepe in die Seestraat van Hormoes. Keer terug na onderhandelinge, stel nuwe eise en ontwrig weer die proses. Laat die koste vir Trump en die Republikeine duurder en duurder raak, totdat een van twee dinge gebeur: groter Amerikaanse toegewings om bloot 'n einde aan die konflik te maak en die seestraat oop te stel, of totdat 'n nuwe Kongres in November verkies word wat vinnig sal optree met 'n mandaat om Amerikaanse betrokkenheid in die Midde-Ooste dramaties af te skaal. Linkse Demokrate in Washington staan gereed om dit te doen.

So terwyl Iran, soos Noord-Viëtnam, die militêre stryd verloor het, sien Teheran 'n geleentheid vir 'n politieke oorwinning in die VSA wat tot 'n uiteindelike Amerikaanse onttrekking kan lei. Die vraag is of Trump dit gaan toelaat. Die Amerikaanse minister van finansies, Scott Bessent het tereg verlede naweek aangevoer dat Iran sy hefboom oor olie- en gasuitvoere uit die Golfstreek gaan verloor namate die meeste lande alternatiewe uitvoerkanale om die Seestraat van Hormoes vind. Dit gaan egter twee jaar neem. Intussen het Saoedi-Arabië, Turkye en Pakistan, die drie voorste Soennitiese Arabiese lande, 'n militêre samewerkingsooreenkoms gesluit wat indirek daarop gemik is om Iran se invloed in die Midde-Ooste finaal te help kelder. Ook dit gaan egter tyd neem om resultate te toon.

Terwyl Iraniërs 'n bitter ekonomiese en humanitêre prys vir 'n uitgerekte oorlog betaal, is die gehardste ideoloë in Teheran gemaklik daarmee om die stryd langer uit te rek met die hoop dat die Amerikaners onder die druk van hoë oliepryse en 'n ongewilde oorlog gaan swig. Ons sal oor die volgende 80 dae sien wie se geduld die beste is. Vir nou sê president Trump dat hy gereed is om nog veel groter ekonomiese druk op Iran uit te oefen. Daarmee saam sal oliepryse ongelukkig hoog bly en sal die Republikeine waarskynlik op 3 November beheer oor albei huise van die Kongres verloor. Amerikaners gee bloot meer om oor die prys van 'n Big Mac as oor militêre sukses in die Midde-Ooste. **N**

*Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Immigrantedispuut: Die oplossing begin by die grensdraad

REPLIEK
Louis Boshoff

Suid-Afrika is in rep en roer oor immigrante, dis nie altemit nie. Eintlik is Europa en Amerika ook in rep en roer oor immigrante, maar dit verskil in belangrike opsigte van die plaaslike verskynsel. In Europa en Amerika is dit Westerlinge wie se Westerse leefwyse bedreig word deur die toestroming van immigrante vanuit ander wêrelddele. In ons geval is dit Suid-Afrikaanse burgers wat gegrief is deur die toestroming van burgers van hul buurlande. In Europa en Amerika se geval is dit primêr ’n botsing van beskawingsidentiteite, terwyl dit in Suid-Afrika se geval primêr ’n botsing van nasionale identiteite is. Die Weste se krisis word gedryf deur empatiese selfdoodneigings en Suid-Afrika s’n word bloot veroorsaak deur gebrekkige grensbeheer. Ekonomiese en arbeidskwessies is ’n gemene deler tussen dié twee verskynsels, maar steeds met onderlinge verskille.

Die immigrantedispuut in Suid-Afrika dryf ideologiese uitgangspunte oor beskawing, nasie en volk op die spits. Daar is die Pan-Afrikaniste, met die EFF aan die voorpunt, in wie se oë die Afrika-beskawingsidentiteit voorop staan en wat swart immigrante in alle opsigte as gelykes van Suid-Afrikaanse burgers wil hanteer. Daar is dié wat die Suid-Afrikaanse nasionale identiteit voorop stel (ActionSA, byvoorbeeld) en dié vir wie die stam- of volksidentiteit grondliggend is (MK-party en Patriotic Alliance, alhoewel hulle dit nie noodwendig self so verwoord nie). Laasgenoemde twee groepe het heelwat oorvleueling en albei het oor die afgelope maande toenemend aangedring dat immigrante moet landuit, veral onder leiding van die organisasie March and March. Die ANC probeer ’n balans handhaaf tussen hierdie groepe se sienings, maar verkeer duidelik onder druk om sterker optrede teen immigrante toe te laat.

Die impak op die beskikbaarheid van arbeid en werksgeleenthede staan sentraal tot die sterkste pro- en anti-immigirantesentimente wat tans in Suid-Afrika heers. Veral werklose Suid-Afrikaners is gegrief deur die indiensneming en entrepreneursaktiwiteite van immigrante in hul onderskeie omgewings terwyl talle boerderye en ondernemings se ekonomiese lewensvatbaarheid afhanklik geword het van die beskikbaarheid van goedkoop, gewillige en vaardige buitelandse arbeid.

*Die teenwoordigheid van immigrante in Suid-Afrika bly dus maar ’n taai toffie.*

March and March en hul bondgenote kan maklik vasval in nul-som-denke rakende werksgeleenthede: die idee dat ’n land net ’n vaste getal werksgeleenthede het wat gevul kan word deur óf binnelandse óf buitelandse werknemers. Dis ’n wanindruk, maar daar steek tog op mikroskaal ’n mate van waarheid in. Die aantal werksgeleenthede in ’n ekonomie is nie onveranderlik nie, maar is ook nie oneindig elasties nie. Soms lei die indiensneming van buitelanders tot die groei van ’n bepaalde sektor, wat uiteindelik meer werksgeleenthede vir almal tot gevolg het, maar soms is daar regtig ’n onderneming met ’n vaste aantal poste wat verlede jaar ’n Suid-Afrikaner in diens geneem het en vanjaar ’n buitelander. Persone wat hul werk verloor het as gevolg van sulke verskynsels, gaan nie gepaai word met vae oproepe om nie xenofobies te wees nie. Aan die ander kant moet Suid-Afrikaanse werkloses nie aanneem dat al hul probleme saam met die immigrante sou verdwyn indien dié uitgejaag word nie. Daar is dieper strukturele probleme in die plaaslike ekonomie en dikwels werklike onwilligheid om hard te werk te midde van aandrang op groter staatswelsyn.

Die teenwoordigheid van immigrante in Suid-Afrika bly dus maar ’n taai toffie. Geen enkele stap gaan die hele probleem oplos en almal tevrede stel nie, maar die wegspringpunt behoort duidelik te wees: die grensdraad. Die Suid-Afrikaanse regering doen gereeld oproepe tot patriotisme, maar was tot dusvêr nie in staat om die patria deeglik te omhein nie. Ongeag of die immigrante helde of boosdoeners is, is dit duidelik dat daar nie behoorlike rekord is van hoeveel ingekom het, hoe hulle ingekom het en wat hulle hier doen en mag doen nie.

Enige poging om die probleem op te los, sal moet begin by stewige grens-infrastruktuur, deeglike bestuur van grensposte, effektiewe administrasie van verblyfreg- en werkspermitaansoeke, duidelike wetgewing en beleid oor wie sulke permitte mag ontvang en die wil en vermoë om daardie wetgewing en beleid streng toe te pas. Slegs dán kan die moontlikheid ontwikkel vir ’n vreedsame ontknoping van die huidige immigrantedispuut. **N**

**Boshoff is ’n woordvoerder by AfriForum.*

JOU BESIGHEID VERDIEN OM GESIEN TE WORD!
ADVERTEER IN NUUSWEEK
BEREIK JOU TEIKENMARK!
Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die volgende vlak te neem.
Stuur ’n e-pos na
adverteer@pretoriafm.co.za

Padlangs

Alta Strauss



# Wag-'n-bietjie-bos

Soos ek deur die veld stap, gryp die tak van 'n wag-'n-bietjie-bos my vas en ek wonder oor die wag-'n-bietjie-takkies wat ons in ons lewens vashou. Die woorde roer in my en ek begin skryf... "In die purper skadu van 'n wag-'n-bietjie-bos... want skadu's is nie swart nie, maar purper en purper is heilig en nie donker of boos nie ..."

Hierdie week staan ek met die eerste proef van my nuwe bundel, met dieselfde titel as die rubriek, in my hand: Wag-'n-bietjie-bos. Ek lees die voorwoord deur 'n goeie vriend geskryf: "Wanneer woorde in 'n mens leef, leef 'n mens in woorde. Alta leef in woorde ... " en dit kry dadelik vastrapplek in my hart, soos waarheid maak.

Ek begin dink aan die woorde uit Zorba the Greek deur Nikos Kazantzakis waar hy sê dat jy alles het behalwe een ding: waansin. 'n Mens het 'n bietjie waansin nodig, anders durf hy nooit die tou deursny en vry wees nie.

Die tou waarna daar hier verwys word, is soos daardie wag-'n-bietjie-bos-tak. Die dinge wat jou vashou en jou daarvan weerhou om waarlik voluit te leef. Waarlik vry te wees. Vryheid wat net deur innerlike vrede kom.

Soms is die tou die lelik vanuit die verlede wat ons vashou. Ander kere is dit die mooi. Die herinneringe wat ons nie wil laat gaan nie, of wat voel asof dit ons nie wíl laat gaan nie. Carl Jung, bekend vir sy verduideliking van skadu-integrasie, beskryf dit as die lewenslange proses om die onbewuste, onderdrukte of onherkende dele van die persoonlikheid in die bewuste bewustheid te bring om sodoende heelheid te bereik. Daardie gevoel van innerlike vrede.

Dit is die ding van 'n wag-'n-bietjie-bos. Dit hou ons vas en dwing ons om 'n bietjie langer stil te staan. Te besin. Te dink. Soms voel dit selfs ongemaklik en ontydig. Ons word gekonfronteer met herinneringe. Goed en sleg. Dinge wat jy wil vergeet; dinge wat jy wil onthou.

En seker een van die grootste interessanthede van herinneringe is dat hierdie herinneringe, ervarings of emosies selde 'n feitlike herroep van gebeure is. Die meeste van die tyd dien dit meer as 'n oorlewingsgids. Ons stoor gebeure, suksesse of mislukkings in die vorm van 'n storie. 'n Storie, verpak as 'n herinnering om ons te help om sin te maak van wat ons deurgemaak het en wat ons daaruit geleer het.

Dít is ook een van die wonders van digkuns, wat dit so 'n besondere kunsvorm maak. Die psigologiese aard daarvan. Hoe die artikulasie van 'n ervaring of 'n emosie jou help om sin te maak van die kompleksiteit wat dit in jou laat woed. Bykans dieselfde as wat met ons gebeur wanneer ons droom. Dit orden die chaos in ons gedagtes en ons onderbewussyn en versoen dit met wat die bewuste beeld van onsself verteenwoordig.

Soos die purper aard van die skadu van die Wag-'n-bietjie-bos, nie boos is nie, maar goed, is hierdie emosies (seer, woede, hunkering, ambisie, liefde, kreatiwiteit) bloot onderdrukte emosies wat nie ooreenstem met dit wat ons sien in onsself in die bewuste nie. Daarom is dit so belangrik om daardie innerlike vrede te vind. Iets wat baie maal eers heelwat later in die lewe 'n realiteit word en waarvan ons die belangrikheid besef. Want wanneer ons nog kind is, dink ons soos 'n kind en sien ons soos 'n kind, maar soos ons ouer raak, kom daar ook meer wysheid en diepte aan ons menswees en soms vang dit ons onkant. En dan wonder jy waar al hierdie dinge nou vandaan kom. Maar wat 'n absoluut bevrydende ervaring.

Ons leef in 'n wêreld waar selfvertroue verwar word met insig, tendense hoër geag word as beginsel, dié wat soek na waarheid uitgelag word om plek te maak vir gerieflike illusies. Kom ons begin weer dink, doen selfondersoek en introspeksie, want om ware innerlike vrede te vind, is lewensveranderend. Dit verander jou perspektief en gee aan jou dieper begrip en die besef dat konteks alles is. Dat jy daardie emosies en keuses binne konteks moet sien. Dat jy moet wéét dat jy die beste besluit geneem het in die bepaalde omstandighede waarin jy jouself bevind het.

Deur vrede daarmee te maak en die onderbewuste met die bewuste te versoen, maak jy dit vir jouself moontlik om vry en in oorgawe te leef en om die beste weergawe van jouself te wees. 'n Beter weergawe as wat jy al ooit vantevore was.

Om los te kom uit 'n wag-'n-bietjie-bos verg geduld, tyd en nugterheid van verstand. Dit verg vergifnis van jouself én aanvaarding - jy is presies waar jy moet wees! **N**

**Alta Strauss is 'n breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*

# 'n Eie tydskrif vir Die Boerevrou

PRETORIA HISTORIA

Riana Mulder

*Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder*

Nog 'n merkwaardige vrou uit Pretoria se geskiedenis was Mabel Malherbe, eienares en redakteur van die heel eerste Afrikaanse vrouetydskrif, Die Boerevrou. Sy was ook Pretoria se eerste vroulike burgemeester in 1932 en 1933.


Mabel was nie net 'n sterk en dinamiese vrou nie, maar het ook 'n interessante afkoms gehad: haar oupa aan vaderskant was die befaamde George Rex van Knysna, wat na bewering 'n buite-egtelike seun van George III van Engeland was, en haar ma was een van Eugène Marais se susters. (Die bewerings oor 'n koninklike verwantskap is later behoorlik nagevors en as vals bewys; George Rex was die seun van 'n welgestelde distilleerder in Londen.)

Die Rexgesin was meer Engels as Afrikaans, en het blykbaar ook nie veel van Afrikaners, en Paul Kruger spesifiek, gehou nie. Pa Frank het blykbaar 'n drankprobleem gehad, en reeds vroeg in Mabel se lewe uitgetrek en haar ma, Jess, met die 3 kinders agtergelaat. Haar ma was ook 'n formidabele vrou en het met baie harde werk haar kinders alleen grootgemaak. Sy het o.a. 'n losieshuis en 'n melkery bedryf.

Mabel en haar ma het dikwels koppe gestamp. Sy het in die Kaap skoolgegaan en wou graag joernalis word, maar haar ma het haar gebied om huis toe te kom en op 17-jarige ouderdom was sy dus terug in Pretoria. Hier het sy af en toe beriggies vir koerante geskryf, en uiteindelik is sy in diens geneem om vir die vrou van Paul Kruger se sekretaris, Piet Grobler, Engels te leer. Dit het haar in aanraking gebring met die president self, en sy het gou geleer dat hy eintlik aangenaam is. Haar simpatie vir die Afrikanersaak het begin groei.

Tydens die oorlog het sy verpleeg, en haar man, Kenne Malherbe, ontmoet. Hulle het verloof geraak, maar tydens die besetting van Pretoria het haar gesin tydelik in Gordonsbaai gaan woon. Van daar af het sy met Marie Koopmans-De Wet se hulp na Nederland vertrek waar sy vir 3 jaar lank verpleegkunde gaan studeer het.

Net ná die oorlog is sy en haar geliefde Kenne getroud, en die egpaar het hulle in Pretoria gevestig waar hulle gou vriende gemaak het met bekendes soos Gustav Preller en adv. Tielman Roos. Kenne was 'n prokureur, en het sy vrou ondersteun in al haar projekte en oortuigings. Vir Mabel was die opheffing van haar volk (al was sy eintlik steeds Engelssprekend) haar belangrikste lewenstaak.




Die voorblad van Die Boerevrou, Mei 1926. [Foto: wikipedia.org]



Mabel Malherbe [Foto: wikipedia.org]

Sy het gou 'n groot rol begin speel in Pretoria se openbare lewe, en was byvoorbeeld op die Uitvoerende Raad van die SA Vrouefederasie en die Nasionale Vroueparty (wat hulle beywer het vir stemreg vir Afrikaanse vroue). Sy het die SA Raad vir Vroue ook verteenwoordig by 'n internasionale konferensie in Genève.

In 1919 stig sy die Afrikaans-Hollandse Leesunie (wat vandag blykbaar steeds bestaan as die Mabel Malherbe Leesklub). Met die hulp en aanmoediging van haar oom, Eugène Marais, stig sy in Maart 1919 die eerste vrouetydskrif vir Afrikaanse vroue en noem dit Die Boerevrou. Sy was self die redakteur, en het later hulp gehad van die bekende skryfster Miemie Rothman (M.E.R), wat van haar heel eerste kortverhale in die tydskrif gepubliseer het.

Eugène Marais, pres. F.W. Reitz, Jan Celliers, A.G. Visser en kunstenaars soos Erich Mayer en Pierneef het gereeld bydraes gelewer, en die argitek Gerard Moerdyk het 'n rubriek oor argitektuur hanteer.

Vir Mabel was die tydskrif 'n manier om die Afrikanervrou op te voed en bewus te maak van sake van nasionale belang, en sy het ook baie gefokus op die geskiedenis en ontwikkeling van die Afrikanervolk.

Die tydskrif was 'n reusesukses wat gewildheid onder die lesers betref, maar het ongelukkig nie genoeg adverteerders gelok om finansieel te oorleef nie. Kenne Malherbe het later die meeste van die tydskrif se onkostes gedra (met groot liefde en geduld), maar teen 1931 het Mabel moed opgegee en die tydskrif se publikasie gestaak.

Haar bydrae tot die Afrikaanse literatuur is egter in 1953 erken deur 'n eredoktersgraad in literatuur wat sy van die Universiteit van Pretoria ontvang het.. **N**


*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



# Die Boekeblad

met
Graffiti Boeke

# Nuut op die rak



## *Van man tot man*

**– Olive Schreiner; vertaal deur Antjie Krog**

**R380, Human & Rousseau**

*From Man to Man* word wyd en syd beskou as Olive Schreiner se beste roman. Sy het langer as veertig jaar daaraan gewerk, maar dit is nooit voltooi nie. In 1926 word dit postuum deur haar eggenoot uitgegee en sedertdien was daar ook ander uitgawes, onder meer een deur Dorothy Driver, met 'n voorwoord, uittreksels uit Schreiner se briewe en moontlike alternatiewe eindes vir die roman.

Die Nobelpryswenner JM Coetzee het onlangs dié meesterstuk van Schreiner versorg en verwerk, en self 'n gepaste slothoofstuk geskryf. Die roman is uit Engels vertaal deur die bekroonde digter Antjie Krog.

*Van man tot man* is 'n besonder leesbare roman, en 'n belangrike toevoeging tot die Suid-Afrikaanse letterkunde. Schreiner se intelligensie en belesenheid skep die indruk van 'n kontemporêre roman, en nie van een wat sy aanvang reeds in 1873 gehad het nie.


Die verhaal speel af in die 1860's en volg die lewens van twee boeresusters, Rebekah en Bertie, wat grootword op 'n plaas in die Groot-Karoo. Rebekah trou met 'n sakeman en verhuis na Kaapstad, terwyl Bertie deur 'n ouer diamanthandelaar na Londen geneem word waar sy in afsondering leef.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## *Oom Alfie, jy lieg mos nou!*

**– Sophie Schoenwald**

**Illustreerder: Günther Jakobs**



**R100, Fantasi**

Wat gaan vandag met Oom Alfie aan?
Hy wil net lawwe liegstories vertel!
"Sebras het koeëlronde kolle!" sê hy.
Maar almal weet tog dit is nie waar nie!
Sebras het nie kolle nie ... of hoe?
Kan jy vir Natie help met die waarheid?
'n Saamdoenboekie vol pret en raaisels!

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## *Help Leeu sy tande borsel!*

**– Sophie Schoenwald**

**Illustreerder: Günther Jakobs**



**R100, Fantasi**

Meneer Leeu het dringend hulp nodig:

Hy het lanklaas sy tande geborsel. En alleen kan hy dit nie regkry nie!

Kan jy hom help?

Natie Peperment Krimpvarkie wys vir jou wat om te doen.

Só is dit pret om te leer hoe om tande te borsel!

'n Saamdoenboekie met kielie, gorrel en tande borsel..

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## *My hart klop so*

**– Rachelle Fourie**

**R320, LUCA**



Rachelle Fourie het bekendheid verwerf vir haar deelname aan die program Op My Eish!, waar sy kykers se harte verower het. In haar boek My hart klop so deel sy haar besondere lewensverhaal en haar pad van geloof, roeping en identiteit.

In haar vroeë twintigs moes Rachelle 'n hartoperasie ondergaan nadat sy onverwags met 'n atriale septumdefek gediagnoseer is, en dit was slegs een van die vele uitdagings op haar lewenspad. In My hart klop so vertel sy meer oor hierdie kwesbare oomblikke wat haar gebreek, genees en nader aan God gebring het.

Deesdae deel sy haar lewens- en geloofservaring as 'n gewilde motiveringspreker en rolmodel vir meisies en vroue. Sy is ook die gasheer van haar eie potgooi met dieselfde titel.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

## TOPVERKOPERS

**Hier is die week se topverkopers:**

10 ***Daardie lewe Karel Schoeman*** – Ria Winters

9 ***'n Ierse knoop*** – Elsa Winckler

8 ***Enigma*** – Rudie Van Rensburg

7 ***Pompeii*** – Bets Smith

6 ***Van man tot man*** – Olive Schreiner; vertaal deur Antjie Krog

5 ***Bethulie*** – Rensche van der Walt

4 ***Jagspinnekop*** – Erla Diedericks

3 ***Grensloos*** – Wilna Adriaanse

2 ***Rebekka van Kameeldoornplaas*** – Irma Joubert

1 ***My hart klop so*** – Rachelle Fourie

## *Wen al drie die boeke!*



**'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.**

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

***Wie is die skrywer van My hart klop so?***

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en volledige adres na **072 386 5997**.
**Inskrywings sluit Maandag 3 Augustus 2026.**

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 31 Julie 2026 se boekekompetisie is:**
**Annari van Aarde van Pretoria**

**Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by**

**www.graffitiboeke.co.za**

**teen 10% afslag.**

7VOOR7

Ds. Lewis Strauss,
Geloofsbond van Hervormde Gemeentes, Koster

# As iemand onder julle swaarkry

Die swaarkry waarna Jakobus 5 vers 13 verwys, so sien ons in die teologiese woordeboek, is nie swaarkry in die algemeen soos byvoorbeeld met armoede nie. Daar is baie arm gelowige mense wat van die gelukkigste mense op aarde is. Die armoede pla hulle nie, dit is al wat hulle ken. In die geloof is hulle blymoedig. Die swaarkry waarna hier verwys word, is wanneer jy emosioneel swaarkry. Moedeloos word, nie meer kans sien nie, depressief word. Dit gebeur met gelowiges ook, daarom staan hier “as daar iemand onder julle is wat swaarkry...”

’n Ongelowige vloek en skel en raas en gaan opstandig te kere. Maar wat moet ’n gelowige doen? Hy moet bid, met sy emosionele las na sy Skepper toe gaan. Gebed is ’n gelowige se voorreg. Ons moet gedurig bid, maar ons mag ook, wanneer ons swaarkry, heel eerste daaroor bid. Daar is baie ander dinge wat ons kan en moet doen, soos om mediese hulp te gaan soek, maar heel eerste kan en mag ons bid. Want, ons is gelowiges.

Dit is ons privaat gebed. Ons binnekamergebed. Ons moet ook vir mekaar en saam met mekaar bid, maar as ek verskriklik swaarkry, dan kan en mag ek dit in gebed aan my Vader in die hemel bekend maak. Natuurlik weet Hy dit reeds. Maar as sy kind wil Hy hê ek moet weet dat alle hulp van Hom af kom. Al gebruik Hy ander mense om my op te beur, te behandel, te dokter, begin alle hulp by Hom en kom dit van Hom af. My eerste antwoord, my hulpaansoek, is my gebedsaansoek by die hemelse Vader. En daar waar die gebed nie selfsugtig is nie, maar werklik gebid word in die besef dat dit net God is wat kan uitkoms gee, daar gee die Here uitkoms. Daarvan kan baie van ons getuig. **N**



VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Die GRA oftewel die Genootskap van Regte Afrikaners is op 14 Augustus 1875 in die Paarl onder leiding van ds. S.J. du Toit gestig. Die genootskap het 150 jaar gelede, vanaf die begin van 1876, Die Afrikaanse Patriot asook verskeie boeke in Afrikaans uitgegee. Die GRA was die dryfkrag agter die Eerste Afrikaanse Taalbeweging.

Die hoogs verwerplike verskroeideaarde-beleid tydens die Anglo-Boereoorlog is op 14 Augustus 1900 deur die opperbevelhebber van die Britse magte, Lord Frederick Roberts, ingestel. Hiervolgens is byna al die Boere se plaashuise afgebrand, vee doodgemaak, lande aan die brand gesteek en die vroue en kinders na konsentrasiekampe gestuur waar talle van hulle gesterf het.


Die dikwels omstrede Suid-Afrikaanse politikus Oswald Pirow is vandag in 1890 gebore. Sy reputasie as minister van verdediging het skerp in die gedrang gekom toe hy in die 1930’s sogenaamde “boskarre”, wat deur osse getrek is, wou gebruik om in die Transvaalse Laeveld en die Bosveld die land teen ’n aanval vanaf Lourenço Marques te beskerm.

Laastens: Die Amerikaanse aktrise, rolprentvervaardiger en voormalig model Halle Berry, wat onder andere in die 007-fliek *Die Another Day* as die Bond-meisie Jinx te sien was, vier vandag haar 60ste verjaarsdag. Sy het in 2002 ’n Oscar as beste aktrise gewen vir haar spel in die romantiese drama *Monster’s Ball*. **N**


Lord Frederick Roberts



Oswald Pirow


Halle Berry


Adverteer in Nuusweek
*Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die volgende vlak te neem. Stuur ’n e-pos na*
***adverteer@pretoriafm.co.za***

# SASOL (JSE - SOL)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**
**Sasol** is 'n petrochemiese reus wat energie en chemikalie-oplossings vir hul klante plaaslik en wêreldwyd bied.

**Kernbevinding**
Die moontlike vlagformasie (moontlik positief) is opvallend. 'n Vlagformasie is 'n kort konsolidasie wat ná 'n sterk prysbeweging vorm, en dit dui gewoonlik daarop dat die bestaande tendens waarskynlik gaan voortduur. Die patroon begin met 'n skerp styging of daling, die sogenaamde vlagpaal, waarna die prys vir 'n kort tydperk konsolideer om stoom op te bou. Hierdie konsolidasie wys dat handelaars asem skep voordat die momentum hervat. Sodra die prys uit hierdie klein wiggie (die vlag) breek, beweeg dit tipies weer in dieselfde rigting as die oorspronklike sterk beweging, wat die formasie nuttig maak om voortsettingsgeleenthede in 'n tendens te identifiseer.

Die stogastiese indikator wys 'n positiewe tegniese afwyking. Dit kan dalk die voorloper wees van 'n herstellopie wat kan kom.

Bo lyn A (R189,82) kan die vlagformasie na bo in werking kom. Indien die momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel mettertyd styg na R223,41.

Die 50-dag- bewegende gemiddeld (R187,05) is een van die beste mediumtermyn-sentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte. Let daarop dat lyn A en die 50-dag- bewegende gemiddeld na aan mekaar beweeg – dit bevestig die belangrikheid van die plek op die grafiek.

Onder R179,05 kan die aandeel steeds verder daal en teikens jaag van: R178,42; R177,43; R176,67; R175,21; R174,67; R173,20; R172,89; R171,00; R170,78; R170,45; R170,21; R169,89; R169,45; R169,21; R168,77; R168,42; R168,00; R167,56; R16730; R166,90; R165,67; R165,22 en R144,88 is nie 'n onmoontlike teiken nie.

Ignoreer die aandeel onder R179,05.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R189,82), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R180,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is R190,45; R191,32; R192,67; R193,78; R196,20; R199,00; R200,59; R202,56; R205,67; R207,31; R208,66; R209,22; R212,60; R215,67; R218,32; R221,76; R223,41; R224,88 en R227,80.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante, maar gebruik dieselfde keerverlies as deurgegee aan spekulante. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R187,05) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel en bo die lyn is hulle positief.

**Belangrike vlakke om dop te hou**
Indien die aandeel kopers lok bo lyn A, kan die aandeel dalk styg na: R190,45; R191,32; R192,67; R193,78; R196,20; R199,00; R200,59; R202,56; R205,67; R207,31; R208,66; R209,22; R212,60; R215,67; R218,32; R221,76; R223,41; R224,88 en R227,80.

**Opsomming**
Koop of gaan lank bo R189,82, maar gebruik R180,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**
Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Vrywaring**
Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan*
*fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

## Administrasie

**Administratiewe Assistent** - Louise Els Consultants | Potchefstroom | Sluitingsdatum: 15/08/2026

**Algemene Ontvangdame** - Eyeland Sunward Park | Boksburg| Sluitingsdatum: 17/08/2026

**Leasing Administrator** (Commercial Properties) - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria| Sluitingsdatum: 19/08/2026

## Ambag

**MILLWRIGHT / ELECTRICIAN** (Roll-forming Production exp.) TRG 2370 (Ladysmith) - The Recruitment Guy | uMnambithi , South Africa| Sluitingsdatum: 16/08/2026

## Bestuursposte

**Takbestuurder** - Natrent Rentals | Pretoria| Sluitingsdatum: 15/08/2026

**Cutting Room Manager** (Textile & Clothing Manufacturing) - TRG 2369 (Newcastle)- The Recruitment Guy | Newcastle| Sluitingsdatum: 16/08/2026

## Drywer

**Drywer** - VDV Auto (PTY) Ltd | N4 Gateway Industrial Park, The Willows, Pretoria| Sluitingsdatum: 15/08/2026

## Finansies

**Invoicing Klerk** - Stepco Recruitment Pty Ltd | Pretoria| Sluitingsdatum: 19/08/2026

**Bookkeeper** - Wholesales fencing sa | Hennopspark, Centurion | Sluitingsdatum: 20/08/2026

**Junior Rekenmeester** - Pretorius Chartered Accountants Inc | Wapadrand, Pretoria | Sluitingsdatum: 21/08/2026

## Internskappe

**Apprenticeship Paint Protection Film Technician** - Custom Protection Products cc| Centurion| Sluitingsdatum: 15/08/2026

## IT

**Junior IT & Technical Support Technician** - Utilitarian Support Solutions | Erasmusrand, Pretoria| Sluitingsdatum: 17/08/2026

**IT Infrastructure & Design Consultant** – Bryanston - Talent Evolution (Pty) Ltd | Bryanston, Sandton| Sluitingsdatum: 21/08/2026

**IT Network Technician** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pullens Hope| Sluitingsdatum: 21/08/2026

## Kliëntediens

**Faktuuradviseur** (Billing Advisor)- People Inc. | Boksburg| Sluitingsdatum: 17/08/2026

**Client Service Consultant** (Must have RE5)- Talent Evolution (Pty) Ltd | Hazelwood Rd, Menlo Park| Sluitingsdatum: 21/08/2026

**Retentions Consultant** (must have RE5 & FAIS qualification)- Talent Evolution (Pty) Ltd | Pretoria | Sluitingsdatum: 21/08/2026

## Kommunikasie & Bemarking

**Solidariteit: Digitale inhoud- en sosialemediabeampte** – Solidariteit | Kloofsig, Centurion | Sluitingsdatum: 21/08/2026

## Konsultante

**Junior Registrasie Konsultant** - Louise Els Consultants| Potchefstroom| Sluitingsdatum: 15/08/2026

## Landbou

**Eksterne Materiaalontwikkelaar** - Bo-Karoo Opleiding | Orania| Sluitingsdatum: 16/08/2026

**Eksterne Kurrikulum-ontwikkellaar** - Bo-Karoo Opleiding | Orania | Sluitingsdatum: 16/08/2026

## Litigasie Sekretaresse

**Paralegal / Senior Litigation Secretary** - Jacques Classen Prokureurs| Lynnwood, Pretoria| Sluitingsdatum: 15/08/2026

**RAF Litigation Secretary** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 19/08/2026

**Junior Foreclosures Secretary** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria| Sluitingsdatum: 19/08/2026

## Logistiek

**Technical Buyer** (Heavy Engineering) TRG 2371 (KwaZulu Natal)- The Recruitment Guy | Richards Bay| Sluitingsdatum: 18/08/2026

## Projekbestuur

**Project Maintenance Manager** (Handyman)- Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria| Sluitingsdatum: 15/08/2026

## Onderwys

**Junior Studentelewe Beampte** - Bo-Karoo Opleiding | Orania| Sluitingsdatum: 17/08/2026

## Regslui

**Litigation Attorney** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria| Sluitingsdatum: 19/08/2026

**Litigation Attorney** - Cora O Neil Recruitment Agency | Hyde Park, Sandton| Sluitingsdatum: 19/08/2026

**Junior Attorney** (Family Law)- Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 19/08/2026

**Junior Foreclosures Attorney** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria| Sluitingsdatum: 19/08/2026

## Sekretarieel

**Sekretaris van die Uitvoerende Komitee** (EXCO)- Cintocare (Pty) Ltd| Menlyn, Pretoria| Sluitingsdatum: 15/08/2026

**Junior Conveyancing Secretary** - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 19/08/2026

## Verkope

**Verkoopskonsultant** (Telefoonverkope) – MotorSure | Fairland, Randburg| Sluitingsdatum: 15/08/2026

**Sales Representatives** - Nationwide (Basic R25000p.m plus incentives)- Minc Holdings SA. (Pty) Ltd| Centurion | Sluitingsdatum: 15/08/2026

**Verkoops Agent** – Aimx | Bellville, Cape Town| Sluitingsdatum: 17/08/2026

**Retail Sales Representative** - Wholesale Fencing SA | Centurion | Sluitingsdatum: 20/08/2026

## Verpleeg

**Teaterbestuurder** - Cintocare (Pty) Ltd | Menlyn, Pretoria| Sluitingsdatum: 15/08/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# AB vol selfvertroue ná seges teen Stormers, Sharks



Die Vodacom Bulls het 'n sterk span vir môre se groot kragmeting teen die All Blacks op Loftus Versfeld aangekondig as deel van die Rugby's Greatest Rivalry-reeks. Marcell Coetzee sal die span aanvoer waarby vier Springbokke ingesluit is.

Die grootste nuus is die terugkeer van Hanro Liebenberg ná sy tyd by Leicester Tigers, asook Curwin Bosch se terugkeer na Suid-Afrika ná twee jaar in Frankryk. Bosch begin op losskakel en sal saam met Embrose Papier en Jeandre Rudolph 'n belangrike rol in die Bulls se aanvallende spel speel.

Op die plaasvervangersbank sal Hakeem Kunene, wat in die Curriebeker-reeks beïndruk het, en die vinnige vleuel Thaakir Abrahams vir die Pretorianers diens doen.

Die geskiedenis bevoordeel Nieu-Seeland, waar die besoekers drie van die vier vorige kragmetings gewen het. Die Bulls se enigste oorwinning was in 1976, toe Noord-Transvaal die All Blacks met 29-27 geklop het. Saterdag se wedstryd val byna presies op die 50ste herdenking van daardie historiese oorwinning.

Die besoekende All Blacks kon met puik rugby, en met behulp van die Haka-krygerdans, twee plaaslike provinsiale spanne tot oorgawe dwing nadat hulle verlede week die Stormers in Kaapstad met 38-21 geklop het. Die Hollywoodbets Sharks moes Dinsdagaand in 'n koue en nat Durban die knie voor die besoekers buig met 'n 54-0-nederlaag.

**Vodacom Bulls-span teen die All Blacks**

1 Alu Tshakweni,
2 Juann Else,
3 Francois Klopper,
4 Ruan Vermaak,
5 JF van Heerden,
6 Marcell Coetzee (kaptein),
7 Hanro Liebenberg,
8 Jeandre Rudolph,
9 Embrose Papier,
10 Curwin Bosch,
11 Stravino Jacobs,
12 Harold Vorster,
13 Stedman Gans,
14 Thaakir Abrahams,
15 Willie le Roux

**Plaasvervangers:**

16 Jaundre Schoeman,
17 Sti Sithole,
18 Khuta Mchunu,
19 Reinhardt Ludwig,
20 Mpilo Gumede,
21 Paul de Wet,
22 Katlego Letebele,
23 Hakeem Kunene

# Fortuin lei Proteas in Namibië

Die DP World Lions se draaibalbouler, Bjorn Fortuin, sal die Protea-manspan aanvoer tydens hul T20I-driehoek-reeks teen Namibië en Zimbabwe, wat van 28 Augustus tot 6 September by die FNB Namibië Krieketveld in Windhoek plaasvind.


Die 15-man-groep is vroeër hierdie week vir die witbaltoer na Namibië aangekondig. Die Proteas sal na afloop van die T20I-reeks daarna in Windhoek aanbly vir 'n eendagreeks van drie wedstryde teen Namibië wat van 9 tot 13 September beslis word. Dit sal die eerste keer wees dat dié twee lande 'n eendagreeks teen mekaar speel.

Die Momentum Multiply Titans se veelsydige speler Duan Jansen is ook vir die nasionale span gekies, nadat hy die afgelope seisoen op provinsiale vlak geskitter het. Die 26-jarige is aangewys as die 2025/26 Afdeling 1 se Eendagbekerspeler van die jaar nadat hy die Titans gehelp het om die titel te verower.

Sy Titans-spanmaat, die veelsydige speler Eathan Bosch, is in die T20I-groep ingesluit om sy eerste buiging vir die nasionale span te maak. Die kolwers Connor Esterhuizen en Jordan Hermann, asook die Dolphins-naatbalbouler Nqobani Mokoena, is by die eendag-groep ingesluit.

Die groep word verder versterk deur die insluiting van die nasionaal gekontrakteerde spelers Dewald Brevis, Tony de Zorzi en Kwena Maphaka.

Intussen sal Suid-Afrika A van 23 Augustus tot 2 September in 'n vierdagreeks van twee wedstryde op die Tuks Oval teen Bangladesj A te staan kom, voordat die spanne van 6 tot 12 September in 'n eendagreeks bestaande uit drie wedstryde kragte meet.



**Proteasgroep vir die witbaltoer teen Namibië**

Bjorn Fortuin (K), Eathan Bosch, Dewald Brevis, Tony de Zorzi, Connor Esterhuizen, Jordan Hermann, Rubin Hermann, Duan Jansen, Kwena Maphaka, Nqobani Mokoena, Nqaba Peter, Lhuan-dré Pretorius, Lutho Sipamla, Jason Smith en Prenelan Subrayen.




# Bok-vroue bou op wenmomentum

Babalwa Latsha keer terug as kaptein van die Springbok-vrouespan vir môre se tweede toets teen die nFijiana XV in Lautoka, Fidji. Sy het die eerste wedstryd verlede naweek in Suva misgeloop, wat Suid-Afrika 55-12 gewen het.

Die span het ses veranderinge aangebring vir die tweede kragmeting, met vier daarvan in die agterlyn en twee onder die voorspelers. Maria Tshiremba sal haar toetsdebuut maak wanneer sy op vleuel uitdraf. Sy word die 195ste Springbok-vrouespeler.

Latsha begin as vaskopstut in die plek van Nombuyekezo Mdliki, wat na die plaasvervangersbank skuif. Die flank Catha Jacobs vervang vir Lerato Makua, wat in Suva 'n kniebesering opgedoen het. In die middelveld vorm Zintle Mpupha en Maceala Samboya 'n nuwe senterkombinasie, met Alichia Arries wat ook 'n beginplek op regtervleuel kry.

Die vrouespan se afrigter, Laurian Johannes-Haupt, sê die veranderinge is daarop gemik om diepte in die span te bou en meer taktiese opsies te ontwikkel.

Afskoptyd by Churchill-park, Lautoka, is om 03:00, SA tyd.



# ROLBALDAG

## TEN BATE VAN WOLLIES EN WETNOSE

**Datum: 7 Oktober 2026**

**Plek: Wingate Park Country Club**

*Skryf jou span vandag in!*

## Span van 4 spelers
## R4 000 per span
## Kos vir die dag ingesluit

Verwag hope vermaak, groot pret, lekker pryse en 'n onvergeetlike dag saam met vriende, kollegas en Pretoria FM-luisteraars.

Elke inskrywing help om die belangrike werk van Wollies en Wetnose te ondersteun en 'n verskil te maak.

Luisteraars word uitgenooi om hul spanne nou in te skryf!

WETNOSE™ Animal Rescue Centre

Wollies Animal Shelter NPC

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

FM Pretoria hoop, glo, lééf in Afrikaans

# Griekwas bo aan Curriebeker-punteleer ná sterk vierde ronde

Die Suzuki Griekwas het tot bo aan die Carling Curriebeker-punteleer opgeskuif, nadat hulle verlede naweek hul derde oorwinning van die seisoen behaal het, met nog net drie rondtes oor voor die uitspeelwedstryde.

Rondte vier se aksie het Saterdag begin toe die Griekwas die Lions met 31-19 in Kimberley geklop het. Die Pumas het daarna naelskraaps met 33-31 teen die Vodacom Bulls op Loftus Versfeld geseëvier, voordat die Sharks XV die Kavaliers met 19-12 in KwaMashu geklop het.

Sondagmiddag het die Cheetahs 'n belangrike 31-26-bonuspunt-oorwinning oor die Stormers by die Athlone-stadion behaal.

Die Vrystaters is in die tweede plek op die punteleer, net soos die Griekwas met 16 punte, maar die Griekwas het 'n beter punteverskil.

Die Lions en Pumas is onderskeidelik in die derde en vierde plek, albei met 12 punte. Boland is in die vyfde plek (11), met




die Stormers in die sesde plek (11). Die Sharks XV bly in die sewende plek met 10 punte, terwyl die Bulls XV steeds sonder 'n oorwinning heel onder is, met drie punte.

**Curriebekerbepalings:**

**Vrydag 14 Augustus**

15:00 Fidelity ADT Lions teen Sanlam Boland Kavaliers

17:05 Suzuki Griekwas teen Hollywoodbets Sharks XV

**Saterdag 15 Augustus**

17:00 Airlink Pumas teen DHL Stormers

**Sondag 16 Augustus**

15:00 Vodacom Bulls teen Toyota Cheetahs XV

# Kaapstad se netbal-span vergoed vir 2025-trane



Kaapstad het vandeesweek die SPAR Nasionale Netbalkampioenskap op 'n dramatiese wyse gewen deur die span van Tshwane met 56-55 in die senior A-afdeling te klop. Dit was 'n soete oorwinning vir die Kaapse span nadat hulle verlede jaar die eindstryd verloor het, ook net met een doel.

Vanjaar se eindstryd was van begin tot einde uiters mededingend. Tshwane het teen rustyd met een doel voorgeloop, maar Kaapstad het voor die vierde kwart die bordjies verhang en het met 40-39 voorgeloop. Met die telling op 55 elk en minder as 20 sekondes oor, het die voormalige Proteaspeler Sigi Burger die beslissende doel aangeteken.

Tshwane se tweede plek was steeds 'n groot verbetering nadat hulle verlede jaar nie eens die halfeindrondte kon haal.

Mangaung het Johannesburg met 45-44 geklop om die senior A-bronsmedalje te verower.

In die o. 21 A-afdeling het Johannesburg die titel vir 'n derde agtereenvolgende jaar gewen, nadat hulle Tshwane met 52-38 in die eindstryd geklop het. Mangaung het die bronsmedalje teen Royal Bafokeng verower, met 'n finale uitslag van 49-40.